

28 Februarie - DIEN

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13 (OAV)

Fokusgedeelte: 2Timoteus 2:4

Om in diens van die Here te staan, vra besondere genade. Diens wat Paulus hier verduidelik met drie beelde: dié van die soldaat, die atleet en die boer.

Die soldaat: Toewyding, sowel in die bereidheid om lyding te verdra as om te konsentreer op jou werk alleen, kenmerk die diens van die beroepsoldaat. Hy verwag nie 'n luilekker lewe nie, maar is lyding en swaarkry te wagte. Daarom maak hy homself ook van alle byverdienstes los, om sy Bevelvoerder ten volle te kan gehoorsaam.

Die atleet: Elke sportsoort het sy eie reëls en jy kan alleen deelneem en die oorwinning behaal as jy die reëls gehoorsaam. Die reël vir die gelowige het met die koms van Christus nie opgelos soos suiker in water nie. Nee, Hy kom juis om die wil van sy en ons Vader onder die vergrootglas te plaas. Hy laat die reëls selfs deur sy Gees in ons harte skrywe. Wie daarom die reëls minag en willens en wetens verbreek, verbeur die prys van sy diens.

Die boer: Waar die atleet se diens volgens reëls moet geskied, is die kenmerk van die landbouer inspanning en harde werk. Wie werklik wil dien, moet bereid wees om jouself in te grawe in God se Woord. God se wil moet ondersoek word en deur jou eie hart brand en toegepas word, sodat vrug in jou lewe sigbaar word. Wie daarom wil dien as boer in God se wingerd, moet op sy knieë kan swoeg en sweet.

Om te dien, is daarom geen stokperdjie nie, maar 'n voltydse, inspannende werk. Heiligmakende werk wat jy, of jy nou baas of klaas is, ouer of onderwyser, of ouderling of predikant, elkeen alleen deur God se genade volhou.

Maar so het Jesus ons immers ook geleer: die weg na heerlikheid loop deur die dal van selfkruisiging en ons eie lyding en dood heen.

Sing: Psalm 89:6 (1936-beryming)

Ds BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)